

12 APRIL

SKRIFGEDEELTE: EFESIËRS 4:1-16
FOKUSGEDEELTE: EFESIËRS 4:7-13

Genadegawe(s) ter wille van eenheid

Die eenheid binne 'n gemeente, in die kerkverband en onder gelowiges wêreldwyd, is vir die Here van die grootste belang (vs. 3-6). Om hierdie eenheid te bewerk en te bevorder, het die oorwinnaar, Jesus, gawes aan sy mense gegee.

Eerstens het Hy aan "elkeen van ons" (vs. 7) 'n genadegawe gegee soos wat Hy beplan en bepaal het. Elke lidmaat het hierdie roeping om dit in werking te stel sodat die kerk as 'n eenheid sal funksioneer, soos 'n liggaam met ledemate.

Tweedens het Hy aan ons almal saam gawes gegee om sy gemeente, sy kerk en die gelowiges toe te rus en op te bou. Die ampte/ampsdraers moet die liggaam van Christus toerus en opbou om tot werklike eenheid en geloof en kennis van Jesus Christus te kom (vs. 11-13).

As elkeen van ons só sy/haar gawe in diens van die gemeente stel en die ampsdraers erns daarmee maak om lidmate se geloof en kennis van Jesus Christus uit te bou, dan moet en sal ons nader na mekaar toe kom en nie verder van mekaar verwynster raak nie. Dit geld binne die gemeente, die kerkverband en ander gelowiges wêreldwyd.

Die vraag is: Is hierdie saak, naamlik om voluit te werk aan die eenheid onder gelowiges, waarlik vir ons erns? Soek ons nie dalk eerder na faktore wat kan verdeel as na dit wat die eenheid bevorder nie?

Om by die waarheid te bly, is natuurlik van uiterste belang (vs. 15), maar dan moet dit in liefde geskied ter wille van eenheid en nie verdeeldheid nie. Laat dit ons erns wees, want vir die Koning van die kerk is dit 'n saak van erns.

Sing: Psalm 133:1-2 (bl. 651)

Ds Roelf du Plessis (Gobabis)